is jou naam en van om net die kind voor te berei wat om te

Nou wie het vir Megan na u verwys? --- Ek dink dit was Wilna Stander.

Hoekom dink u, staan dit nie op die rekord nie of op u? --- Nee nie regtig nie. My notas is baie en, omdat ek nie regtig hierdie kind geassesseer het nie en haar net vir hof voorberei het. Maar ek het Wilna Stander. Ek glo dit is Wilna Stander.

Is u nou seker dit is Wilna Stander? --- Ek is nie doodseker nie. Dit kan die ondersoek beampte wees. Ek weet dit is Inspekteur Nel. Ek het die verklaring by hom gekry. So ek is nie heeltemal of doodseker nie.

Werk u en Wilna Stander baie saam? --- Nee, Edelagbare glad

het nie.

MNR SCHNETLER: Het u met Wilna Stander konsulteer voordat u die kind gesien het? --- Ek kan nie onthou nie.

Hoekom kan u nie sulke goed nie? --- Edelagbare want ek kan nie regtig, ek het haar deur die proses. Dit was 'n hofsaak gewees. Ons was by die hof. So ek kan nie onthou of dit voor of na die tyd was nie.

Ons het nie. Ek het geen kennis van die saak nie. Ek weet ek het die verklaring gekry by die ondersoek beampte. Dit mag wees dat sy my dalk gebel het en gevra het of ek haar sal voorberei of die dit die ondersoekbeampte was wat gesê het hy sal met my reël. Ek weet nie ... Ek weet ek het met haar gedoen te

Nou ek wil vir u een vraag vra. Ek sal later terugkom daarby. In paragraaf 15 van haar oorspronklike verklaring sê sy dat haar pa het niks aan haar in Wolfaard Straat gedoen nie. Kan u net kyk? --- Ja.

Sien u dit? --- Ja, nie deur sy privaat in myne gedruk nie. Dit is korrek Edelagbare.

Het u dit raakgesien toe u vir haar voorberei het? --- Ek het dit raakgesien Edelagbare.

Sal u met my saamstem dit is ŉ weerspreking in wat sy vir u vertel het? --- Dit is Edelagbare.

Het u dit toe geweet of weet u dit nou dat ek dit vir u stel? --- Nee, Edelagbare ek het dit toe geweet.

Wat doen u daaromtrent? --- Wel ek het my verklaring geskryf

Ek wil net vir u vra. As u net in u verklaring kan kyk. Het u haar, wat het u haar alles gevra oor Donovan? --- Ek het gevra is daar enige iemand anders wat ook lelike goed met jou doen? Sy het toe gesê, Donovan. Wat het Donovan gedoen? Hy het op my gele en my gesoen. Sy het genoem dat hulle een keer klere aangehad het. Ek vra toe vir haar wat gebeur met die klere. Die kind gaan nie vir jou vertel die klere word uitgetrek of watse klere hulle aanhet as jy nie vra wat gebeur met klere nie? Indien niks gebeur het nie sal 'n kind sê niks. Indien iets gebeur het sal hulle sê dit is uitgetrek. Dan sal ek vra, wie het dit uitgetrek? Hier het sy genoem, een keer klere aangehad en een keer het sy haar *panty* en Donovan sy onderbroek. Sy het genoem... *okay* waar het dit gebeur en dan het sy dit beskryf.

Het u nog iets oor Donovan gevra? --- Dat ek sien van Donovan. Ek dink ... ...[tussenbei]

In u verklaring? --- Was dit binne of buite 'n plek? Binne. *Okay.* Dit was mamma en pappa se huis. Waar in die huis? In mamma en pappa en se bed. Waar was mamma?... *okay.* (blaai deur notas). *Okay.* Ja, sy sê een keer klere aangehad en een keer *panty* aangehad Donovan het sy onderbroek. Waar het dit gebeur? By my tannie se plaas. Waar op die plaas? Agterkant van die huis toe ons wegkruipertjie gespeel het en by ouma hulle se huis. Wat het Donovan met sy privaat gedoen? Niks. Het Donovan sy privaat in jou privaat gedruk? Daar vra ek spesifiek 'n leidende vraag, suggestie omdat sy dit genoem het. Om dan uit te vind, het hy dit dalk spesifiek ek weet dit was 'n kwessie. Waarop sy toe die suggestie weerstaan en sê "Nee" wat dan ook die betroubaarheid van die verklaring verhoog, omdat sy, indien sy gejok het of oop was vir suggesties maklik gelei kon word. Sy sou gesê het hy het ook. Sy sê toe nee.

Ja? --- Sy noem toe ook, ek vra. Wat het gebeur dat jy vir die polisie vertel het dat hy sy privaat in jou in privaat gedruk het? "Pappa het gesê ek moet sê dat dit Donovan, sy privaat in my privaat gedruk het want Donovan kan nie tronk toe gaan nie want hy is nog 'n kind."

Waar kry u daai gedeelte, hoekom het sy vir die polisie gesê dat Donovan sy privaat in hare gedruk het. Waar het u dit gekry. Hoekom vra u daai vraag? --- Is dit in haar verklaring.

Dit is in u verklaring? --- Ja in die ...[tussenbei]

Kan dit net vir my nagaan? --- Is dit nie in haar polisie

verklaring nie?

Kan u dit net vir my vind asseblief? --- Iewers het daar gestaan... weet jy ek kry dit nie nou hier nie. Dit het iewers was dit 'n kwessie.

Dit is nie daar nie? --- *Okay* ek dink een van die ma of ... het vir my gevra of dit nie Donovan is nie en dat sy vir die polisie gesê het dat dit Donovan is. Ek kan nie onthou nie.

80

verlede, nie van wat ek regtig kan onthou nie. Dat ons saam aan 'n saak gewerk het nie. Hierdie was die eersste saak wat ek weet ons 'n gemeenskaplike kind gesien het. Waar sy 'n kind na my verwys.

Kon Wilna Stander dieselfde werk gedoen het wat u gedoen het.

proses van onthulling wanneer jy toelaat dat 'n ouer teenwoordig is.

Hoeveel keer het u vir Megan gesien of gespreek? --- Twee keer Edelagbare.

Wanneer was dit? --- Wel volgens my verklaring 17 en 27 September.

Hoekom twee keer? --- Omrede ek die eerste keer die vrae

korrek, deur u vrae? --- Sy het ...[tussenbei]

Sy het nie vir u spontaan als vertel nie. U het dit uitgelok? --- Dit is korrek. Ek vra spesifieke vrae om meer inligting te kry en dit is hoe 'n mens moet vra.

<u>HOF</u>: Staat enige vrae?

<u>HERONDERVRAGING DEUR AANKLAER</u>: Nee, Agbare net die ervaring. Brigadier u het reeds gesê u het 20 ervaring. Is dit reg, in die veld? --- Wel min of meer, van 1997.

Hoeveel sake het u omtrent gedoen. Ek weet dit is klink nou vreeslik? --- Oor 'n 1 000.

Oor 'n 1 000? --- 1 010 om presies te wees.

Ek het geen verdere vrae? --- Ek het my CV.